

3-in-1

Rekeningkunde

KLASTEKS & STUDIEGIDS

Ann Botha

GRAAD

11

KABV



Graad 11 **Rekeningkunde** 3-in-1 KABV

KLASTEKS & STUDIEGIDS

Hierdie Graad 11 Rekeningkunde 3-in-1 studiegids is die volledige, eenvoudige oplossing vir die Graad 11 KABV-kurrikulum. Dit lei jou deur die vakinhoud met omvattende notas, vrae, antwoorde en volledige eksamens, wat jou die geleentheid gee om jou begrip te versterk en jou eksamentegniek te slyp.

Sleutelkenmerke:

- Stapsgewyse, metodiese benadering
- Omvattende notas en uitgewerkte voorbeelde per onderwerp
- Gegradeerde vrae en antwoorde per onderwerp
- Eksamenvraestelle en antwoorde met nuttige wenke

Die kombinasie van gedetailleerde notas, uitgewerkte voorbeelde, duidelike oplossings, wenke en gefokusde advies maak van hierdie boek 'n studiegids van onskatbare waarde, ongeag jou vlak van selfvertroue.

GRAAD

11

KABV

3-in-1

Rekeningkunde

Ann Botha

HIERDIE KLASTEKS & STUDIEGIDS SLUIT IN

- 1 Notas per Onderwerp
- 2 Omvattende Vrae per Onderwerp
- 3 Voorgestelde Antwoorde per Onderwerp (*in aparte boekie*)

Plus **bonus** eksamenvraestelle en voorgestelde antwoorde

eBoek
besikbaar



OORSIG PER KWARTAAL

Kwartaal 1	Onderwerp 3: Rekonsiliasies Onderwerp 4: Tasbare/Vaste Bates Onderwerp 5: Vennootskappe
Kwartaal 2	Onderwerp 6: Ontleding en Vertolking van Finansiële State Onderwerp 7: Klubs (Nie-winsgewende Organisasies) – <i>nie meer deur NSS eksamineerbaar nie</i>
Kwartaal 3	Onderwerp 8: Kosterekeningkunde Onderwerp 9: Begrotings Onderwerp 10: Voorraadstelsels
Kwartaal 4	Onderwerp 11: Belasting op Toegevoegde Waarde (BTW)

Onderwerp 1: Rekeningkundige konsepte, AARP en Etiek & Onderwerp 2: Interne beheer en Interne oudit
word deurlopend in die ander Onderwerpe ingesluit
(soos in die KABV-kurrikulum gespesifiseer).



INHOUD

Hoe om berekeninge te doen i

NOTAS

ONDERWERP 1: BLITSHERSIENING VAN BASIESE KONSEPTE, AARP EN ETIEK

Vyf basiese konsepte wat jy moet ken	1
Die doel van Rekeningkunde	2
Die Algemene Grootboek	
Die basiese reël van Rekeningkunde	
Die Hulp grootboeke	
Die Hulpjoernale	
Die Rekeningkundige siklus	3
Transaksies en dokumente	
Algemene Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk (GAAP).....	4
Etiek	5

ONDERWERP 2: INTERNE BEHEER EN INTERNE OUDIT

Interne beheer	6
Interne oudit	9

ONDERWERP 3: REKONSILIASIES

Bankversoening	10
Krediteureversoening	16

ONDERWERP 4: TASBARE/VASTE BATES

Hersiening	18
Twee maniere om waardevermindering te bereken	19
Bateverkope/Vervreemding.....	22
Die Tasbare bates Nota	28

Wanneer word die versoeningsproses uitgevoer?

Dit word uitgevoer sodra die Bankstaat ontvang word, d.w.s. aan die begin van die volgende maand.



LET WEL

Ons neem altyd aan dat die Bankstaat 'n kredietsaldo het, d.w.s. tot ons krediet in hul boeke.

Dit is 'n gunstige saldo.

As dit nie so is nie moet die bank dit aantoon deur 'DT', of 'O/T' of '-' by te voeg, soos jy op die volgende bladsy sal sien.

Die prosedure

Vergelyk die Bankstaat, d.w.s. merk die items wat ooreenstem, met ↓

- | | | |
|---|---|--|
| ✓ | ① | ✓ verleden maand se Versoeningstaat |
| ✓ | ② | ✓ die deposito's in die KOJ getoon |
| ✓ | ③ | ✓ die direkte oordragte in die KBJ |
| ✓ | ④ | ✓ die direkte oordragte om werknemers te betaal in die Salarisjoernaal |

DAN

Items wat nie in die ↓ afgemerk is nie: word in die ↓ afgemerk:

- | | | |
|--|---|---------------------------|
| ⑤ kredietkolom van die Bankstaat | → | Kontantontvangstejoernaal |
| ⑥ debietkolom van die Bankstaat | → | Kontantbetalingsjoernaal |
| ⑦ tel die KOJ en KBJ op en boek dit oor na die Bankrekening in die Algemene Grootboek en saldeer die rekening. | | |
| ⑧ KOJ (laaste deposito vir die maand) | → | Bankversoeningstaat |
| ⑨ KBJ en die SJ (daar kan baie wees) | → | Bankversoeningstaat |
| ⑩ verleden maand se BVS | → | hierdie maand se BVS |

Die Bankversoeningstaat

Dit word uit die bank se oogpunt gedoen aangesien dit nie van die uitstaande items bewus is nie.


UITSTAANDE
dit moet nog gebeur



Voorbeeld:

MODEL BANKVERSOENINGSTAAT OP 31 JANUARIE

	DEBIET	KREDIET
..... -saldo volgens Bankstaat	oortrokke	gunstig
Krediteer uitstaande deposito (die een op die laaste dag) ⑧		XXX
Debiteer uitstaande EFO's: nr. 88 ⑩	XXX	
nr. 124 ⑨	XXX	
nr. 128 ⑨	XXX	
Debiteer fout – dit is wanneer die bank ons rekening verkeerdlik gekrediteer het	XXX	
Krediteer fout – dit is wanneer die bank ons rekening verkeerdlik gedebiteer het		XXX
..... -saldo volgens Bankrekening ⑦	gunstig	oortrokke
	TOTAAL =	TOTAAL



Die voertuig ter waarde van R400 000, is **NUUT** omdat dit minder as 'n jaar gelede gekoop is, **MAAR** dit het nie R400 000 gekos nie. Dit het R420 000 gekos. Dit is dieselfde beginsel as wat gebruik word wanneer Handelsvoorraad gekoop word.

Alle koste vir die installasie, vervoer of ander toevoeging tot die bate wat gekoop is, moet as deel van die koste daarvan beskou word en waardevermindering moet dienooreenkomstig afgeskryf word.

Dit is op 1 Desember gekoop, wat beteken dat hulle dit vir net 3 maande het.

$$R420\,000 \times 25\% \times 3/12 \quad (420\,000 \times 0,25 \times 1/4) = \underline{\underline{R\ 26\,250}}$$

$$\text{Waardevermindering vir die jaar geëindig 28 Februarie 2017} = \underline{\underline{R101\,249}}$$

Verminderdesaldo/drawaarde/boekwaarde

Die woorde 'saldo' en 'waarde' sê vir jou om **nie** waardevermindering op kosprys te bereken nie.

Die waardeverminderingsbedrag sal nie elke jaar dieselfde wees nie, want jy bereken dit op die waarde, wat elke jaar 'n kleiner/afnemende syfer is. Hierdie bate sal dus nooit ten volle afgeskryf word nie.

Voordat waardevermindering op die verminderdesaldo bereken word, moet ons weet wat die totale waardevermindering is wat reeds tot op hede op die bate afgeskryf is, nl. die opgehoopte waardevermindering.

VOORBEELD 3

Brand New Broers het die onderneming op 1 September 2015 begin. Op hierdie datum is rekenaartoerusting wat R40 000 gekos het, aangekoop. Hul beleid is om waardevermindering teen 15% p.j. op die verminderdesaldo-metode af te skryf.

GEVRA

Toon die joernaalinskrywing en die grootboekrekeninge om waardevermindering op die toerusting vir die jaar geëindig 28 Februarie 2017 af te skryf.



BEREKENING

$$\text{Jaareinde 29.02.2016: } \text{kosprys } 40\,000 \times 0,15 \times \frac{1}{2} (1 \text{ Sept} - 29 \text{ Feb}) = 3\,000$$

$$\text{Jaareinde 28.02.2017: } \text{boekwaarde } 40\,000 - 3\,000 = 37\,000 \times 0,15 = 5\,550$$

ALGEMENE JOERNAAL VAN BRAND NEW BROERS – FEBRUARIE 2017

28	Waardevermindering (U+)	5 550	
	Opgehoopte waardevermindering op toerusting (B–)		5 550
	waardevermindering afgeskryf teen 15% p.j. op		
	verminderdesaldo		

ALGEMENE GROOTBOEK VAN BRAND NEW BROERS

Balansstaatafdeling

		+		TOERUSTING				(B)	–	
2016	Sept	1	Bank		KBJ	40 000				

OPGEHOOPTE WAARDEVERMINDERING

		+		OP TOERUSTING				(B–)	–	
				2016	Feb	29	Waarde-vermindering	AJ		3 000
				2017	Feb	28	Waarde-vermindering	AJ		5 550
										8 550



Dit is nie nodig om hierdie rekening te saldeer nie, want daar is net getalle aan die een kant. Bereken die subtotaal, d.w.s. trek 'n enkellyn en skryf die totaal/saldo daaronder, **MAAR** moet nie enige woorde daarnaas skryf nie en moet nie dubbellyne trek nie, omdat die twee kante nie gelyk is nie.

Nominale-afdeling

		+		WAARDEVERMINDERING				(U)	–	
2017	Feb	28	Opgehoopte waarde-			2017	Feb	28	Wins-en-verlies	AJ
			vermindering							5 550
			op toerusting	AJ	5 550					

Op 28 Februarie 2017 sou die drawaarde op hierdie toerusting R31 450 wees. Kosprys R40 000 – Opgehoopte waardevermindering R8 550.

WAT IS NUUT IN DIE FINANSIËLE STATE?

Die **Notas tot die Finansiële State** is byna dieselfde – behalwe dat daar 'n Nota vir Privaatrekening op die Nota vir Kapitaal volg.

Die **Balansstaat of Staat van Finansiële Posisie**, soos dit nou genoem word, is dieselfde as dié van 'n eenmansaak, behalwe dat daar twee items onder Ekwiteit is: Kapitaal en Privaatrekening.

Nuwe Ekwiteitsnotas in die Finansiële State

Hierdie inligting is op 30 Junie 2017, die laaste dag van die finansiële tydperk, uit die boeke van Strawberry Supermark geneem. Die vennote is S Straw en B Berry. Gebruik hierdie inligting om die Ekwiteitsnotas tot die Finansiële State te voltooi.

INLIGTING

- Op 1 Oktober 2016 het S Straw sy kapitaal met R20 000 verminder en B Berry het haar kapitaal met R40 000 vermeerder.
- Vennote se Privaatrekening uit die Grootboek gehaal:



ALGEMENE GROOTBOEK VAN STRAWBERRY SUPERMARK

PRIVAATREKENING: S STRAW

2016	Jul	1	Saldo	a/b	5 000	2017	Jun	30	Salaris: S Straw	160 000
2017	Jun	30	Onttrekkings: S Straw		170 000				Rente op kapitaal	12 400
			Saldo	o/d	44 400				Vennoot se bonus	20 000
					219 400				Verdelingsrekening	27 000
										219 400
						Jul	1	Saldo	a/b	44 400

PRIVAATREKENING: B BERRY

2016	Jul	1	Saldo	a/b	7 000	2017	Jun	30	Salaris: B Berry	184 000
2017	Jun	30	Onttrekkings: B Berry		190 000				Rente op kapitaal	11 200
			Saldo	o/d	25 200				Verdelingsrekening	27 000
					222 200					222 200
						Jul	1	Saldo	a/b	25 200



In die praktyk word die Inkomstestaar nou Staat van Omvattende Inkomste genoem, maar in hierdie notas kan dit enige een van die twee genoem word.

STRAWBERRY SUPERMARK

NOTAS TOT FINANSIËLE STATE VIR JAAR GEËINDIG 30 JUNE 2017

KAPITAAL		S STRAW	B BERRY	TOTAAL
Saldo aan begin van jaar	4 ↗	170 000	110 000	280 000
Addisionele kapitaal bygedra [1]	3 ↑		40 000	40 000
Vermindering in kapitaal [1]	2 ↑	(20 000)		(20 000)
Saldo aan einde van jaar	1 ↑	150 000	150 000	300 000
PRIVAATREKENINGE		S STRAW	B BERRY	TOTAAL
Netto wins per Staat van Omvattende Inkomste	↗ 10	219 400	222 200	441 600
Vennote se salarisse (S)	↑ 5 ↓	160 000	184 000	344 000
Rente op kapitaal (R)	↑ 6 ↓	12 400	11 200	23 600
Vennote se bonusse (B)	↑ 7 ↓	20 000		20 000
Primêre verdeling van wins	↑ 8 ↘	192 400	195 200	387 600
Finale verdeling van wins (V)	↑ 9	27 000	27 000	54 000
Onttrekkings vir jaar	11 ↓	(170 000)	(190 000)	(360 000)
Behoue inkomste vir jaar	12 ↘	49 400	32 200	81 600
Saldo aan begin van jaar	13 ↓	(5 000)	(7 000)	(12 000)
Saldo aan einde van jaar	14 ↘	44 400	25 200	69 600

HOE OM HIERDIE NOTAS TE DOEN

- Voltooi eers die Kapitaalnota. Die saldo's is ingeskryf, maar wees versigtig – dit is die eindsyfers. Gebruik inligting nr. 1 en werk agtertoe om die beginsaldo's te bepaal, d.w.s. $1 + 2 - 3 = 4$
- Volg die woorde en die nommers om die Privaatrekeningnota te voltooi. $5 + 6 + 7 = 8$ en $8 + 9 = 10$ en $10 - 11 = 12$ en $12 + 13 = 14$
- Sorg dat jy elke keer die subtotaal bereken (d.w.s. reëls 8, 10, 12, 14) Straw se kolom + Berry se kolom = Totaalkolom

LEER nou DIE BEWOORDING – dit verander nie.



WENK: Die volgende is almal negatief – **debietsaldo** op Privaatrekening **vermindering** in Kapitaal en **Onttrekkings**

Doen nou VRAE 36 tot 38 op bladsye 102 tot 104.

6 ONTLEDING EN VERTOLKING VAN FINANSIËLE STATE

Noudat ons geleer het hoe om Finansiële State op te stel, kom ons by die rede uit waarom ons alles so akkuraat as moontlik gedoen het. Ons gaan die Finansiële State vertolk om te bepaal of 'n onderneming solvent, winsgewend en likied is.

Alhoewel sekere gevolgtrekkings gemaak kan word deur hierdie state te bestudeer, word betekenisvolle inligting slegs verkry deur dit met die Finansiële State van vorige jare, en indien moontlik, met die Finansiële State van soortgelyke ondernemings **te vergelyk**.

Die Finansiële State is van belang vir:

- die **vennote** wat wil weet hoeveel hulle op hul belegging verdien het, en of dit die moeite werd is om met hierdie onderneming voort te gaan
- die **bankbestuurder** wat seker wil wees dat die oortrekking of lening veilig is
- die **leninghouer** om te verseker dat die lening terugbetaal sal word
- die **vakbond** wat wil verseker dat voldoende lone aan die werknemers betaal word
- die **belastinggaarder** wat bereken hoeveel persoonlike belasting die vennote op hul verdienste moet betaal
- **enigiemand** wat daarin belangstel om 'n vennoot in die onderneming te word of geld aan die onderneming te leen

Die ontleding toets drie aspekte van die onderneming

Solvensie

Stel vas of die onderneming al sy skulde kan betaal, deur aan te toon dat die totaal van al die bates groter is as die totaal van al die laste.

Winsgewendheid

Bepaal of die onderneming gedurende die finansiële tydperk daarin geslaag het om 'n wins te maak en sy uitgawes beheer.

Likiditeit

Toon die vermoë van die onderneming om sy bedryfs-/korttermynlaste, met behulp van sy bedryfs-/korttermynbates te betaal.

Kopiereg © The Answer Series: Fotokopiëring van hierdie materiaal is onwettig

Dit is belangrik dat:

- die wins wat die onderneming maak elke **eienaar** voorsien van 'n redelike **opbrengs op die kapitaal wat hulle belê het**. Hierdie opbrengs moet groter wees as die rente wat hulle sou verdien as hulle hul geld by 'n finansiële instelling sou belê. Hulle aanvaar die risiko van entrepreneurskap en moet daarvoor vergoed word.
- 'n **gedeelte** van hierdie **wins** in die onderneming **behou** word sodat:
 - veranderende omstandighede hanteer kan word en bates vervang kan word wanneer dit geslyt of uitgedien is. Dit sal die onderneming in staat stel om volhoubaar te bly en selfs sy markaandeel te laat groei.
 - hy altyd genoeg kontant beskikbaar het om sy skulde betyds te betaal, voordeel te trek uit spesiale sakegeleenthede en steeds mededingend te wees. Indien die vennote al die wins in kontant onttrek, sal die onderneming dalk nie in staat wees om sy goeie reputasie en stand in die mark te handhaaf nie.

Hierdie ontleding en vertolking moet elke jaar gedoen word sodat enige gevaartekens dat dinge skeefloop, geïdentifiseer kan word en die nodige stappe so gou as moontlik geneem kan word om die onderneming meer doeltreffend te bestuur.

HERSIENING VAN FORMULES

Solvensie

$$1. \text{ Solvensieverhouding} = \frac{\text{Totale bates}}{\text{Totale laste}}$$

Dit toon aan of die onderneming se totale bates in staat is om al sy skulde te betaal. Die antwoord sal 'n verhouding wees en moet natuurlik ten minste 1 : 1 wees.

(Sommige van ons sal graag wou hê dat die antwoord 1 000 000 : 1 moet wees, dit wil sê, as ons miljoenêrs wil wees!)

Enigiets minder as 1 : 1 sal beteken dat die vennootskap insolvent is. Dit kan gelikwider word, wat beteken al die bates sal in kontant omgesit word, d.w.s. verkoop word.

Enige skulde wat nie uit die opbrengs van hierdie verkope betaal word nie, sal deur die vennote persoonlik betaal moet word omdat hulle **gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik is vir die skuld**. 'n Krediteur kan hulle albei gesamentlik dagvaar, of die ryker een kies en hom afsonderlik dagvaar. Hierdie vennoot sal dan die ander vennoot dagvaar vir sy deel van die skuld. As die armer vennoot nie kan betaal nie, ly die ryker vennoot 'n verlies. Dit is 'n ernstige nadeel van 'n vennootskap.

In Graad 12 sal jy leer dat dit veiliger is om 'n maatskappy te stig.

Jy sal in elke eksamen van 'n formuleblad voorsien word (sien bl. 176).

10 VOORRAADSTELSELS

Daar is twee maniere om van voorraad in 'n onderneming boek te hou. In Graad 10 het ons die deurlopende voorraadstelsel gebruik. Voordat ons die ander stelsel, die periodieke stelsel, bestudeer, kom ons doen 'n bietjie hersiening van die

DEURLOPENDE VOORRAADSTELSEL

Tot dusver het al die ondernemings wat ons bestudeer het voortdurend die Handelsvoorraad rekening bygewerk, sodat hulle **altyd** geweet het hoeveel voorraad hulle op die rakke behoort te hê.

Wanneer die firma voorraad aankoop word die Handelsvoorraad rekening gedebiteer (B+)

en

wanneer dit voorraad verkoop word die Handelsvoorraad rekening gekrediteer (B-) met die **Koste van verkope**.

Die saldo van die Handelsvoorraad rekening sal dus te eniger tyd die hoeveelheid voorraad wat nie verkoop is nie, weerspieël.

Dit is maklik genoeg om boek te hou van die voorraad wat die firma binnekom, maar om boek te hou van die Koste van verkope vereis 'n **gesofistikeerde rekenaarstelsel** om die staafkode op die item wat die firma verlaat, te skandeer. Aangesien hierdie stelsel baie duur is, kan baie klein ondernemings nie bekostig om hierdie voorraadstelsel te gebruik nie.

Aan die einde van die finansiële tydperk, of enige ander tyd wanneer die onderneming dit nodig vind, sal 'n fisiese voorraadopname **bepaal** hoeveel voorraad in werklikheid op die rakke en in die pakkamer is. Hierdie totaal word dan met die saldo in die Handelsvoorraad rekening vergelyk om vas te stel hoeveel voorraadverlies plaasgevind het. Voorraadverlies is die normale verlies van voorraad elke dag. Ons noem dit **Handelsvoorraadtekort**.



PERIODIEKE VOORRAADSTELSEL

Periodiek beteken **van tyd tot tyd** of elke **nou en dan**.

Nie baie jare gelede nie het alle firmas die periodieke voorraadstelsel gebruik omdat die rekenaarprogram vir die deurlopende stelsel nog nie ontwikkel was nie. Toe die rekenaarhardeware en -sagteware ontwikkel is, was dit baie duur en kon net baie groot, winsgewende firmas dit bekostig om hierdie stelsel te implementeer. Namate rekenaars goedkoper geword het, het meer firmas natuurlik na die deurlopende stelsel oorgegaan.

Ons het die Periodieke stelsel vir Nie-winsgewende Organisasies, d.w.s. Klubs (Onderwerp 7) gebruik.



Hierdie voorraadstelsel word steeds deur sommige ondernemings gebruik, want:

- hulle meen dit is nie die moeite werd om in 'n baie duur rekenaarstelsel te belê nie
- hulle verkoop byvoorbeeld dalk baie klein items met verskeie winsopslae en dus sal die vereiste rekenaarstelsel nie 'n eenvoudige, bekostigbare een wees nie
- dit is nie moontlik om die staafkode op die produkte wat hulle verkoop, te sit nie.

Ondernemings wat nie 'n rekenaarstelsel het om die voorraad rekening by te werk deur die staafkode te lees nie, sal net af en toe weet hoeveel voorraad hulle voorhande het. In werklikheid sal hulle net weet hoeveel voorraad hulle het **wanneer hulle** aan die einde van die finansiële jaar '**n fisiese voorraadopname doen**.

Vinnige vergelyking van:

	PERIODIEKE STELSEL	DEURLOPENDE STELSEL
Koste van verkope	XXX ☹☹☹ Daar is GEEN rekening genaamd Koste van verkope nie, omdat daar geen rekenaar is om 'n rekord te hou van die koste van elke item wat verkoop word nie.	✓✓✓ ☺☺☺ JA , die Koste van verkope rekening word altyd gebruik omdat die rekenaar die staafkode lees wat elke keer as voorraad verkoop word, die kosprys toon.
Handelsvoorraadtekort	XXX ☹☹☹ Daar is GEEN rekening vir Handelsvoorraadtekort nie omdat die onderneming nie weet hoeveel in werklikheid gesteel is nie. Hulle weet nie hoeveel voorraad hulle behoort te hê nie. (sien Nota hieronder).	✓✓✓ ☺☺☺ Hierdie onderneming sal in staat wees om te bereken hoeveel gesteel is omdat die saldo op die Handelsvoorraad rekening aantoon hoeveel voorraad daar op die rakke behoort te wees.

ONTHOU

PERIODIEK beteken **AF EN TOE** (nou en dan) en beteken:

- ↳ GEBRUIK
- ↳ NOOIT
- ↳ DIE


HANDELSVOORRAADREKENING

↳ DIE

↳ ALTYD

↳ GEBRUIK

DEURLOPEND beteken **ALTYD** (voortdurend) en beteken:



**VRAAG 29 – BATEREGISTER, GROOTBOEK EN
TASBARE BATE NOTA (***)**

(28 minute)

Antwoorde op bladsy A9.

SCORPIO AFLEWERAARS

Scorpio Afleweraars het op 28 Februarie 2016, die einde van die vorige finansiële tydperk, twee vragmotors gehad:

1. 'n Hyundai-vragmotor, FS 312 578, op 1 Desember 2014 vir R300 000 gekoop
2. 'n Kia-vragmotor, FS 389 578, op 31 Mei 2016 vir R325 000 gekoop.

Waardevermindering word teen 'n koers van 20% p.j. op die drawaarde bereken.

Die Hyundai is op 1 September 2016 vir R220 000 kontant verkoop.



GEVRA

- 29.1 Voltooi die Bateregister vir die Hyundai-vragmotor.
- 29.2 Stel die Bateverkoperekening op in die Algemene Grootboek, behoorlik afgesluit.
- 29.3 Stel die Tasbare Bate Nota vir slegs Voertuie op.

BATEREGISTER VAN SCORPIO AFLEWERAARS

BLADSY 8

VOERTUIG			
DATUM AANGEKOOP			
KOSPRYS			
WAARDE-VERMINDERING			
DATUM VERKOOP			
VERKOOPPRYS	WINS/VERLIES		
DATUM	WAARDE-VERMINDERING	OPGEHOOPTE WAARDEVERMINDERING	BOEKWAARDE
28.02.2015	15 000	15 000	285 000
29.02.2016	57 000	72 000	228 000

**ALGEMENE GROOTBOEK VAN SCORPIO AFLEWERAARS
BATEVERKOPE**

**NOTA TOT FINANSIËLE STATE VIR DIE JAAR GEËINDIG
28 FEBRUARIE 2017**

TASBARE BATES	Voertuie



**VRAAG 36 – PRIVAATREKENING NOTA TOT
FINANSIËLE STATE (**)**

(21 minute)

Antwoorde op bladsy A13.



REINDEER HANDELAARS

Die onderstaande inligting is geneem uit die rekords van Reindeer Handelaars.

1. Saldo's op 28 Februarie 2017:

	<u>R Rein</u>	<u>D Deer</u>
Kapitaal	750 000	750 000
Privaatrekeninge (1 Maart 2016)	15 000	12 500
Onttrekkings	150 000	160 000
2. Op 1 Desember 2016 het vennoot D Deer haar kapitaalbydrae met R200 000 vermeerder. Hierdie inskrywing is opgeteken.
3. Die vennootskapsooreenkoms bepaal die volgende:
 - 3.1 **Salarisse**
Aan die begin van die finansiële jaar is die vennote geregtig op die volgende maandelikse salarisse: R Rein, R8 200 en D Deer, R8 800.
Die salarisse van beide vennote het op 1 Desember 2016 met 10% verhoog.
 - 3.2 **Rente op kapitaal**
Vennote is geregtig op rente op kapitaal teen 5% p.j.
 - 3.3 **Bonus**
Deer is geregtig op 'n bonus van 12% op netto wins nadat salarisse en rente op kapitaal afgetrek is.
 - 3.4 **Verdeling van winste/verliese**
Vennote het die oorblywende winste/verliese gelykop verdeel.
4. Die netto wins vir die jaar was R369 900.



GEVRA

36.1 Stel die volgende Notas tot die Finansiële State op.

NOTAS TOT FINANSIËLE STATE VIR JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE 2017

KAPITAAL	R REIN	D DEER	TOTAAL
Saldo aan begin van jaar			
Addisionele kapitaal bygedra			
Vermindering in kapitaal			
Saldo aan einde van jaar			
PRIVAATREKENINGE	R REIN	D DEER	TOTAAL
Netto wins soos per Staat van Omvattende Inkomste			
Vennote se salarisse			
Rente op kapitaal			
Vennoot se bonus			
Primêre verdeling van wins			
Finale verdeling van wins			
Onttrekkings vir jaar			
Behoue inkomste vir die jaar			
Saldo aan begin van jaar			
Saldo aan einde van jaar			

36.2 BEANTWOORD DIE VOLGENDE VRAAG:

Gee DRIE voordele daarvan om 'n vennootskap met iemand anders aan te gaan, eerder as om 'n besigheid op jou eie te bedryf.

(6)

**VRAAG 49 – ONTLEDING VAN
FINANSIËLE STATE (**)**

(45 minute)

Antwoorde op bladsy A23.

TRENDY THREADS

Bestudeer die inligting geneem uit die rekords van hierdie byderwetse onderneming, besit deur B Cool en I M Calm, wat slenterdrag verkoop.

UIT DIE NA-AFSLUITINGSPROEFBALANS OP 31 DESEMBER

	2017	2016
Kapitaal: B Cool	500 000	580 000
Kapitaal: I M Calm	300 000	300 000
Privaatrekening: B Cool	76 750	60 000
Privaatrekening: I M Calm	(20 000)	(9 500)
Handelsvoorraad	350 000	210 000
Handelsdebiteure	55 000	50 000
Bank	50 000	60 000
Handelskrediteure	100 000	95 000

**UIT DIE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE
VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER**

	2017	2016
Verkope	1 250 000	1 350 000
Koste van verkope	500 000	600 000
Bruto wins	750 000	750 000
Bedryfsuitgawes	440 000	345 000
Netto wins	310 000	412 000

Die volgende was die finansiële aanwysers op 31 Desember 2016:

Bruto wins op Koste van verkope	125%
Netto wins op Verkope	30,56%
Bedryfsuitgawes op Verkope	25,03%
Bedryfsverhouding	3,37 : 1
Vuurproefverhouding	1,16 : 1
Periode waarvoor genoeg voorraad voorhande is	3,5 maande
Gemiddelde debiteure-invorderingstermyn	40 dae
Opbrengs op vennoot se ekwiteit	44%



BEANTWOORD DIE VOLGENDE VRAE: (korrek tot twee desimale syfers)

49.1 Bereken die Bruto wins as 'n persentasie van Koste van verkope vir 2017. (4)

49.2 Gee 'n moontlike rede vir die afname in Verkope in 2017. (2)

49.3 Verduidelik waarom die Bruto wins in 2017 dieselfde was as in 2016, alhoewel Verkope afgeneem het. (4)

49.4 Bereken Bedryfsuitgawes as 'n persentasie van Verkope vir 2017. Lewer kommentaar op jou antwoord. (6)

49.5 Bereken die persentasie Netto wins op Verkope vir 2017. Vergelyk hierdie persentasie met dié van 2016 en gee 'n moontlike rede vir die verandering. (6)

49.6 Bereken die Bedryfsverhouding vir 2017. (4)

VRAAG 76 – KOSTEBEREKENINGE (*)

(20 minute)

Antwoorde op bladsy A34.

TUINMEUBELVERVAARDIGERS

Peter Pine, die eienaar van hierdie fabriek, maak die beste houttafel-en-stoeleenheid in die land.

INLIGTING VIR DIE JAAR

Grondstowwe aan stoorman op fabriekvloer uitgereik	R1 440 000
Direkte arbeidskoste	600 000
Vaste koste	840 000
Veranderlike koste	2 040 000
Totale produksiekoste	2 880 000
Aantal eenhede geproduseer:	6 000



GEBUIK BOGENOEMDE INLIGTING OM DIE VOLGENDE TE BEREKEN:

76.1 Direkte materiaal koste per eenheid vervaardig

formule ↙

vervang syfers ↙

antwoord ↓

Direkte materiaal koste	1 440 000	
Aantal eenhede geproduseer	6 000	R.... per eenheid

76.2 Direkte arbeidskoste per eenheid vervaardig

76.3 Veranderlike koste per eenheid vervaardig

Het jy opgelet dat die antwoord vir nr. 1 + 2 = antwoord 3?

76.4 Vaste koste per eenheid vervaardig

76.5 Totale produksiekoste per eenheid vervaardig

76.6 Peter Pine gebruik 'n winsopslag van 80% op kosprys. Teen watter prys verkoop hy die houtmeubels?

76.7 Bereken die gelykbreekpunt.

1. Bydrae = Verkoopprys per eenh. [76.6] – Veranderlike koste per eenh. [76.3]
= R..... – R..... = R.....
2. <u>Vaste koste</u> = R..... (gebruik totaal van alle vaste koste)
Bydrae (antwoord vir bydrae in 1)
= EENHEDE

VIR PRET! Bewys dat jou aantal eenhede om gelyk te breek korrek is, d.m.v.:

vermenigvuldig eenhede met R.. direkte materiaal koste per eenh. [76.1].....

vermenigvuldig eenhede met R.. direkte arbeidskoste per eenh. [76.2].....

tel totaal vir vaste koste by

SUBTOTAAL

vermenigvuldig eenhede met R... verkoopprys per eenheid [76.6](.....)

EN DIE ANTWOORD BEHOORT TE WEES 0

76.8 Verduidelik in jou eie woorde wat die gelykbreekpunt aan Peter Pine toon. (4)

76.9 Verduidelik die verskil tussen 'n vaste en 'n veranderlike koste en gee 'n voorbeeld van elk. (6)

VRAAG 92 – KONTANTBEGROTING EN
DEBITEURE-INVORDERINGSKEDULE ()**

(26 minute)

Antwoorde op bladsy A41.

PLANET HANDELAARS


Gebruik die inligting en addisionele inligting om die Debiteure-invorderingskedule en die Kontantbegroting vir die drie maande geëindig 28 Februarie, te voltooi.

INLIGTING	DESEMBER	JANUARIE	FEBRUARIE
Krediet aankope: Okt R42 240; Nov R96 800	133 920	52 800	66 600
Salarisse (voor bonus en verhoging): In Januarie sal die werknemers 'n bonus van 80% van hul maandelikse salaris betaal word en hul salarisse sal vanaf Februarie met 7½% verhoog.	48 000	?	?
Waardevermindering	1 200	1 200	1 325
Beraamde kontantopbrengs uit bateverkope. Ou toerusting met 'n drawaarde van R5 000 sal met 'n wins van R1 000 verkoop word.		?	
Beraamde bedrag van toerusting vir kontant verkoop			35 000
Ander uitgawes (uitsluitend Salarisse en Rente op lening) sal met 8% vanaf 1 Januarie toeneem.	57 500	?	

ADDISIONELE INLIGTING

- Daar word geraam dat debiteure hul rekeninge soos volg sal betaal:
 - 30% in die maand van verkope, onderworpe aan 'n 5% korting vir vroeë betaling
 - 55% in die volgende maand
 - 10% in die tweede maand na verkope
 - 5% sal waarskynlik nie ingevorder word nie.
- Krediteure sal 60 dae na die aankoopdatum ten volle betaal wees.
- Die rentekoers op die lening is 9% p.j. Daar is ooreengekom dat die lening op 1 Februarie met R150 000 verhoog sal word. Die rente word aan die einde van elke maand betaal.

Kopiereg © The Answer Series: Fotokopiëring van hierdie materiaal is onwettig

DEBITEURE-INVORDERINGSKEDULE

	KREDIETVERKOPE	DESEMBER	JANUARIE	FEBRUARIE
Oktober	52 800	5 280	–	–
November	121 000	66 550		
Desember	167 400	47 709		
Januarie	52 800			
Februarie	66 600			
		119 539		

KONTANTBEGROTING VIR DIE DRIE MAANDE GEËINDIG 28 FEBRUARIE

	DESEMBER	JANUARIE	FEBRUARIE
ONTVANGSTE			
Kontantverkope	83 700	26 400	33 300
Ontvangste van debiteure	119 539		
TOTALE ONTVANGSTE			
BETALINGS			
Kontantaankope van voorraad	33 480	10 560	13 320
Betalings aan krediteure			
Rente op lening	1 350		
TOTALE BETALINGS			
Kontantsurplus/-tekort			
Banksaldo aan begin van maand	200 709		
Banksaldo aan einde van maand			

VRAAG 8

2

8.1 KONTANTONTVANGSTEJOERNAAL VAN MONKEY HANDELAARS – MEI 2023 KOJ21

DOK	DAG	BESONDERHEDE	BANK	DIVERSE REKENINGE	
				BEDRAG	BESONDERHEDE
	4		3 668✓		
	8		2 720✓		
	15		5 765✓		
	22		10 000✓		
	30		11 657		
		Proboscis Ondernemings [1]	1 500	1 500	Huurinkomste
		Barbary Bank	40	40	Rente op lopende rekening
			35 350		

3

8.1 KONTANTBETALINGSJOERNAAL VAN MONKEY HANDELAARS – MEI 2023 KBJ21

DOK	DAG	BEGUNSTIGDE	BANK	DIVERSE REKENINGE	
				BEDRAG	BESONDERHEDE
706	1	Spider Verskaffers	1 750 ✓		
707	3	Telkom	210 ✓	210	Telefoon
708	7	Stadstesourier	475 ✓	475	Elektrisiteit
709	13	Rhesus Handelaars	2 600 ✓		
710	15	Baboon en Kie	620 ✓		
711	18	Orangutan & Seun	352 ✓		
712	20	Gibbon Broers	973 ✓		
713	24	Kontant	100 ✓	100	Kleinkas
714	25	Apie Aksie Herstelwerk	1 680 ✓	1 680	Herstelwerk
715	28	Rhesus Handelaars	657		
716		SATS	1 390 ✓		
717	29	Gorilla Motors	19 000 ✓		
718	31	Woolly & Kie	1 850		
	5	Barbary Bank	380	380	Bankkoste (240 + 140)
		Talk Bpk [2]	1 365	1 365	Onttrekkings
		Primate Versekeraars [3]	315	315	Versekering
			33 717		

6

8.2 ALGEMENE GROOTBOEK VAN MONKEY HANDELAARS



BANK

Mei	1	Saldo	a/b	6 400	Mei	31	Totale betalings	KBJ21	33 717
	31	Totale ontvangste	KOJ21	35 350			Saldo	o/d	8 033
				41 750					41 750
Jun	1	Saldo	a/b	8 033					

7

8.3 BANKVERSOENINGSTAAT OP 31 MEI 2023

	DEBIET	KREDIET
Kredietsaldo volgens Bankstaat		83
Krediteer uitstaande deposito		11 657
Debiteer uitstaande EFO's: nr. 703 (behalwe ou BVS)	1 200	
nr. 715	657	
nr. 718	1 850	
Debietsaldo volgens Bankrekening	8 033	
	11 740	11 740

WENKE

Begin altyd die Bankversoeningstaat (BVS) met die saldo volgens die Bankstaat, want dit is korrek.

As jou BVS aan die einde nie balanseer/klop nie:

1. werk die verskil tussen die twee totale uit
2. soek 'n uitstaande EFO vir hierdie bedrag (veral in verlede maand se BVS)
3. gaan die uitstaande depositosyfer na (altyd die laaste een in die KOJ)
4. soek dan na 'n item wat nie in die Kontantjoernale opgeteken is nie / verkeerd opgeteken is.



5 VENNOOTSKAPPE

VRAAG 31

ICECREAM HANDELAARS

31.1 Berekening van netto wins

Verkope	2 526 000
Koste van verkope (2 526 000/1,5)	(1 684 000)
Bruto wins	842 000
Huurinkomste	70 000
Totale uitgawes vir jaar	(540 000)
Netto wins	<u>R 372 000</u>



31.2 ALGEMENE JOERNAAL VAN ICECREAM HANDELAARS – 30 JUNIE 2018

1.	Onttrekkings: I Ice Handelsvoorraad	1 500	1 500
2.1	Salaris: I Ice (10 600 × 12) Salaris: C Cream (9 000 × 12) Privaatrekening: I Ice Privaatrekening: C Cream	127 200 108 000	127 200 108 000
2.2	Rente op kapitaal Privaatrekening: I Ice (600 000 × 0,06) Privaatrekening: C Cream (480 000 × 0,06)	64 800	36 000 28 800
2.3	Vennoot se bonus Privaatrekening: Cream (372 000 – 127 200 – 108 000 – 64 800 = 72 000 × 0,1)	7 200	7 200
2.4	Verdelingsrekening (72 000 – 7 200) Privaatrekening: I Ice (5/9 × 64 800) Privaatrekening: C Cream (4/9 × 64 800)	64 800	36 000 28 800
	Verdelingsrekening Salaris: I Ice Salaris: C Cream (sluitingsoordrag)	235 200	127 200 108 000
	Verdelingsrekening Rente op kapitaal (sluitingsoordrag)	64 800	64 800
	Verdelingsrekening Vennoot se bonus (sluitingsoordrag)	7 200	7 200
	Privaatrekening: I Ice (231 000 + 1 500 [1]) Privaatrekening: C Cream	232 500 270 000	
	Onttrekkings: I Ice (sluitingsoordrag) Onttrekkings: C Cream (sluitingsoordrag)		232 500 270 000

VRAAG 32

32.1

ALGEMENE GROOTBOEK VAN FANCYFREE MODES

VERDELINGSREKENING

2018 Jun 30	Salaris: F Fancy Salaris: F Free Rente op kapitaal Vennoot se bonus Privaatrek.: F Fancy Privaatrek.: F Free	168 000 192 000 90 000 6 200 127 900 127 900	2018 Jun 30	Wins-en-verlies	712 000
		<u>712 000</u>			<u>712 000</u>



Berekening van **bonus**: 712 000 – 450 000 (90 000 + 168 000 + 192 000)
= 262 000 – 200 000 = 62 000 × 0,1 = R6 200

Verdeling van wins: 262 000 – 6 200 = 255 800/2 = R127 900 elk
(In die eerste paragraaf is aangedui dat hulle winste gelykop sal verdeel.)

PRIVAATREKENING – F FREE

2018 Jun 30	Onttrekkings: F Free (314 000 + 86 000)	400 000	2018 Jun 30	Salaris: F Free Rente op kapitaal Vennoot se bonus Verdelingsrekening Saldo o/d	192 000 30 000 6 200 127 900 43 900
		<u>400 000</u>			<u>400 000</u>
Jul 1	Saldo	a/b 43 900			

32.2 Jaarlikse verlof moes bespreek word toe die vennootskapsooreenkoms aangegaan is om te sorg dat nie een van die partye op 'n kritieke tyd van die jaar verlof neem nie. Desember is 'n kritieke tyd van die jaar (40% van die jaarlikse verkope vind dan plaas). Freddie moet probeer om Fanny te oorreed om nie in daardie maand op vakansie te gaan nie.

Fanny Free tree nie eties op nie. Sy weet dat haar vakansie 'n rampspoedige uitwerking op die onderneming se winste sal hê. 'n Gehuurde helper kan nie die bydrae van 'n eienaar vervang nie. 'n Bepaling oor jaarlikse verlof moet dadelik by die kontrak gevoeg word.

Ek sou ook kommentaar lewer oor Fanny se buitensporige Onttrekkings. Sy skuld die onderneming R43 900 en behoort dit so gou moontlik terug te betaal. Dit lyk of sy die vennootskap se geld gebruik om vir haar familie se vakansie te betaal.

Sy het hierdie jaar 'n baie klein bonus verdien omdat die wins nie hoog genoeg was nie.

Fanny moet besef dat 'n nuwe onderneming bykomende werk verg om die beoogde winsvlak te bereik.



VRAAG 42

BLITZVINNIG VERSPREIDERS



42.1 Donasies; Instandhouding en herstelwerk; Motoruitgawes; Posgeld; Skryfbehoeftes; ens.

Die onderneming moet SAID van 'n gedetailleerde lys van uitgawes voorsien sodat daar bereken kan word hoeveel belasting elke vennoot op hul deel van die wins moet betaal.

42.2 Ja. Hul deel van die wins het hul onttrekkings vir die jaar oorskry en hulle in staat gestel om meer hulpbronne (kontant) vir die toekoms te behou.

42.3 Daar is geen voorsiening hiervoor in die vennootskapsooreenkoms nie. OF

Voorsiening is gemaak vir 'n bonus in die vennootskapsooreenkoms, maar sy het nie daarvoor in aanmerking gekom nie, omdat sy nie gedoen het wat nodig was om dit te verdien nie, bv. om nuwe besigheid te skep.

42.4 Hulle het net hul salarisse onttrek en hul rente en winsdeel herbelê.

42.5 Aansuiwering nr. 4: Paring
Aansuiwering nr. 10: Omsigtigheid

42.6 **TWEE interne beheermaatreëls om personeel te keer om voorraad te steel**

- Al die personeellede moet die perseel deur dieselfde uitgang verlaat.
- Sekuriteitspersoneel moet hierdie uitgang beheer en alle sakke wat die personeel dra, deursoek. OF
- Personeel moet dan en wan lukraak ondersoek word om te sorg dat hulle nie probeer om die voorraad op hulself te versteek nie.

42.7 **TWEE beheermaatreëls om te voorkom dat kliënte voorraad steel**

- Beperk toegang tot die winkel tot een ingang wat gemonitor kan word.
- Plaas kameras in strategiese plekke om klante gedurig dop te hou. OF
- Merk die handelsware elektronies sodat klante daarvoor moet betaal en die merker verwyder moet word, sodat hulle nie by die deur die alarm laat afgaan nie. OF
- Plaas veiligheidswagte by die enigste uitgang om alle items wat uitgeneem word, teen die kasregisterstrokie na te gaan. OF
- Laat veiligheidswagte die winkel gedurig patrolleer as 'n afskrikmiddel vir klante wat beoog om te steel.

42.8 Lottie Loskop kan nie die huidige werk baasraak nie en sal nie die uitbreiding van die besigheid kan hanteer nie.

1. sy het nie die ongebruikte verpakkingsmateriaal aan die begin van die jaar teruggeskryf nie
3. sy het die nuwe verkoopspersoon se salaris uit die Salarisjoernaal weggelaat
9. sy het nie geweet hoe om die inskrywing vir bateverkope te doen nie.

42.9 **Redes om netto wins te behou**

- Hulle wil die likiditeit van die onderneming (d.w.s. beskikbare kontant) verbeter ten einde nuwe tasbare bates, bv. sakeperseel, toerusting, afleveringsvoertuie, te bekom.
- Hulle wil die besigheid uitbrei deur takke op dieselfde dorp of nuwe plekke te open.

42.10 **Ten gunste van (slegs EEN)**

- As die onderneming nie adverteer nie, sal die besigheid agteruitgaan omdat die publiek mededingers wat spesiale aanbiedinge, ens. adverteer, sal ondersteun. OF
- As die onderneming nie adverteer nie, dink die publiek dit bestaan nie meer nie. OF
- Advertensie is die enigste manier om die publiek oor nuwe verwikkelinge, nuwe voorraadreekse, spesiale aanbiedinge, ens., in te lig.

Daar teen (slegs EEN)

- Advertensie in bepaalde media, bv. TV, is te duur vir 'n onderneming sonder 'n nasionale teenwoordigheid om te gebruik. OF
- Die korrekte media moet gebruik word, met ander woorde, slegs potensiële klante moet die advertensie sien. 'n Enkele winkel in die woonbuurt behoort in die plaaslike koerant te adverteer en nie in die nasionale Sondagkoerant nie.

42.11 **EEN voordeel van verkoop op krediet**

- Mense wat hierdie maand nie die produk kan bekostig nie, kan dit nogtans koop en later daarvoor betaal. Dit vermeerder verkope. OF
- Klante ontwikkel lojaliteit teenoor die onderneming waar hulle hul rekening het. OF
- Die onderneming kan bemerking verpersoonlik vir klante wat op krediet koop.

TWEE nadele van verkoop op krediet

- Meer personeel en 'n beter rekeningkundige stelsel word benodig – dit verhoog die uitgawes.
- Kommunikasiekoste, bv. telefoon en posgeld, sal toeneem. OF
- Oninbare skuld en regskoste sal aangegaan word.

82.1 Fabrieksbokoste:

Indirekte arbeid	+	Huur	+	Onderhoud	+	Waardevermin.	+	Indirekte materiaal
97 500	+	48 000	+	28 025	+	32 750	+	46 250
= R252 525								

82.2 Bruto wins = Verkope – Koste van verkope: 1 312 500 – 875 000 = **R437 500**

82.3 Persentasie winsopslag op kosprys: $\frac{\text{Bruto wins} \times 100}{\text{Koste van verkope}} = \frac{437\,500 \times 100}{875\,000} = 50\%$



9 BEGROTING

VRAAG 83**SOUTHERN SUN VERSKAFFERS**

SLEGS BEREKENINGE (die volledige antwoord is VRAAG 83 op BLADSY 151):

1. Verkope

R1 260 000 verteenwoordig Verkope vir een jaar; deel dus deur 12 = R105 000
 Jan. sal met 10% afneem, vermenigvuldig dus met 0,9 (d.w.s. 90%) = R94 500
 Feb. sal met 20% op die Jan.-syfer toeneem, d.w.s. $94\,500 \times 1,2$ = R113 400
 Maart sal met 'n verdere 10% toeneem, d.w.s. $113\,400 \times 1,1$ = R124 740

2. Koste van verkope

Die maklikste manier is om die verhouding tussen Verkope, Koste van verkope en Bruto wins te bepaal. Jy kan sien dat die winsopslag (Bruto wins) 100% van die Koste van verkope is en albei is $\frac{1}{2}$ van die verkope. $R94\,500/2 = R47\,250$. Skryf dit in as Koste van verkope en Bruto wins.

3. Kommissie-inkomste

Dit verhoog in Februarie met 10%. $R3\,840 \times 1,1 = R4\,224$. Maart is dieselfde.

4. Waardevermindering

Verlede jaar was waardevermindering $R15\,120/12 = R1\,260$ per maand vir Januarie en Februarie. In Maart sal die aankoop van nuwe toerusting, R48 000, dit met R400 verhoog. $R48\,000 \times 0,1 \div 12$.

5. Uitgawes neem met 15% toe

Deel die syfer deur 12 en vermenigvuldig dan met 1,15.

6. Uitgawes neem met 12% toe

Deel die syfer deur 12 en vermenigvuldig dan met 1,12.

7. Salarisse en lone

$198\,000/12 = R16\,500$ vir Januarie en Februarie. Maart $R16\,500 \times 1,08$.

8. Rente-inkomste

$R4\,500/12$.

9. Rente-uitgawe

$R9\,000/12 = R750$ vir Januarie (of $120\,000 \times 0,075 \div 12$).

Februarie en Maart na terugbetaling van R20 000 = $R100\,000 \times 0,075 \div 12 = R625$.

VRAAG 84

Die belangrikste punt waarop in hierdie vraag gelet moet word, is dat die gegewe syfers vir slegs 6 maande is! Dit beteken elke syfer moet eers deur 6 gedeel word.

NORTH STAR HANDELAARS**GEPROJEKTEERDE INKOMSTESTAAT VIR SEPTEMBER EN OKTOBER**

	SEPTEMBER	OKTOBER
Verkope $(2\,160\,000/6 = 360\,000 \times 1,1)$ (Okt $\times 1,15$) [1]	396 000	455 400
Koste van verkope $(\text{Sept } 396\,000/1,6)$ (Okt $455\,400/1,6$) [2]	(247 500)	(284 625)
Bruto wins (maak seker dit is 60% van Koste van verkope)	148 500	170 775
Ander bedryfsinkomste	13 200	13 200
Huurinkomste $(\text{Sept } 72\,000/6 = 12\,000 \times 1,1)$ [3]	13 200	13 200
Bruto bedryfsinkomste	161 700	183 975
Bedryfsuitgawes	(85 475)	(87 955)
Oninbare skulde $(4\,320/6 = 720 \times 1,1)$ (Okt $\times 1,15$) [6]	792	911
Bankkoste $(\text{Sept } 12\,600/6 = 2\,100)$ (Okt $\times 1,2$) [4]	2 100	2 520
Verbruiksgoedere $(\text{Sept } 14\,700/6 = 2\,450)$ (Okt $\times 1,2$) [4]	2 450	2 744
Waardevermindering	7 000	7 000
Eiendomsbelasting, water en vullisverwydering $(\text{Sept } 33\,300/6 = 5\,550)$ (Okt $\times 1,18$) [4]	5 550	6 549
Herstelwerk en onderhoud $(51\,000/6)$ [7]	8 500	8 500
Salarisse en lone $(\text{Sept } 225\,000/6 \times 1,08)$ [5]	40 500	40 500
Diverse bedryfsuitgawes	18 583	19 231
Bedryfswins	76 225	96 020
Rente-inkomste [9]	275	330
Wins voor rente-uitgawe	76 500	96 350
Rente-uitgawe $(9\,000/6 = 1\,500)$ (sien Nota 3) [8]	(1 500)	(1 350)
Netto wins vir die jaar	75 000	95 000

ANTWOORD OP VRAAG

Daar is geen rekening vir Doeanebelasting nie omdat Trawler Handelaars nie voorraad van oorsee invoer nie.



WEES VERSIGTIG!

Moet nooit gevang word deur Vraggeld op verkope of enige ander verkoops-, verspreidings-, bokoste- of administratiewe uitgawes wat gegee word nie. Dit het niks met die Koste van verkope te make nie. Dit sou na die 'Wins-en-verliesrekening' gaan.

VRAAG 98

MARINER'S AFSLAGSENTRUM

NR.	BRONDOKUMENT	HJ	ALGEMENE GROOTBOEK		BEDRAG
			REKENING GEDEBITEER	REKENING GEKREDITEER	
1.	EFO	KB	Aankope	Bank	10 000
2.	EFO	KB	Vraggeld op aankope	Bank	1 500
3.	duplikaatdebitnota	KA	Krediteurekontrole	Krediteureafslag	500
4.	duplikaatfaktuur	DJ	Debiteurekontrole	Verkope	1 500
5.	joernaalbewys	AJ	Onttrekkings	Aankope	800
6.	duplikaatkredietnota	DA	Debiteureafslag	Debiteurekontrole	150



ONTHOU

Wanneer jy bepaal watter rekeninge om in enige vraag te gebruik, kyk jy eerste na die towerwoorde 'kontant', 'bank', 'betaal' of 'EFO'. As jy een kry, weet jy die Bankrekening verander, dan het jy reeds die helfte van die antwoord.



VRAAG 99

ADMIRAL LEKKERS

NR.	ALGEMENE GROOTBOEK		DEBITEURE GROOTBOEK		KREDITEURE GROOTBOEK		R
1.	Aankope	Krediteurekontrole				Tar BK	7 400
2.	Krediteurekontrole	Krediteureafslag				Tar BK	370
3.	Debiteurekontrole	Verkope	C Cadet				4 440
4.	Diefstal van voorraad	Aankope					370
5.	Debiteureafslag	Debiteurekontrole		C Cadet			1 110

Berekening en notas

- R7 400 $20 \times 400 \times 0,925$ ($100 - 7\frac{1}{2} = 92\frac{1}{2}\% = 0,925$)
- R370 $7\ 400/20$
- R4 440 $8 \times 370 \times 1,5$ (winsopslag)
- Onthou om nie die Handelsvoorraadrekening te gebruik nie. Die debiet kan 'Onversekerde verlies/Diefstal van aankope' genoem word. Dit kan nie Handelsvoorraadtekort wees nie, omdat daar nie so 'n rekening in hierdie stelsel is nie, en dit is nie voorraadverlies ('krimping') nie, want die onderneming weet wanneer dit gebeur het en wie dit gevat het.
- R1 110 2 uit 8 bokse is teruggestuur $= \frac{1}{4} \times 4\ 400$

ANTWOORD OP VRAAG: Daar is 12 bokse in voorraad ($20 - 1 - 8 - 1 + 2$).

VRAAG 100

NR.	PERIODIEKE VOORRAADSTELSEL		DEURLOPENDE VOORRAADSTELSEL	
	ALGEMENE GROOTBOEK		ALGEMENE GROOTBOEK	
	REKENING GEDEBITEER	REKENING GEKREDITEER	REKENING GEDEBITEER	REKENING GEKREDITEER
1.	Vraggeld op aankope	Bank	Handelsvoorraad	Bank
2.	Bank	Verkope	Bank	Verkope
		geen inskrywing	Koste van verkope	Handelsvoorraad
3.	Onttrekkings	Aankope	Onttrekkings	Handelsvoorraad
4.	Krediteurekontrole	Krediteureafslag	Krediteurekontrole	Handelsvoorraad



Die vraag beklemtoon die **voortdurende** gebruik van die Handelsvoorraadrekening in die Deurlopende stelsel en die feit dat dit NOOIT in die Periodieke stelsel gebruik word nie.